

21. Dankie, Jesus, vir 'n vark

Plaasdiere (4)



Doelwit: Om die peuters bewus te maak dat Jesus varke gemaak het en Hom daarvoor te dank.

Kernvers: Genesis 1:25 'God het die mak diere (gemaak) ...'

Kerngedagte: Dankie, Jesus, vir 'n vark.



Vorbereiding

Vorbereiding van die tematafel

Bring onderstaande flitskaarte aan, pak voorwerpe uit en sit prente op aansteekbord:

- Tema: Plaasdiere.
- Kernvers: Genesis 1:25 'God het die mak diere (gemaak) ...'
- Kerngedagte: Dankie, Jesus, vir 'n vark.
- Voorwerpe: Pakkie spek en paar stukkie gesnyde ham.
- Aansteekbord: Prente van varke.

Vorbereiding en hulpmiddels vir die Grootgroepbediening (GGB)

- Vergroot die prent van die vark (Sien Aktiwiteitblad) op 'n A3-grootte karton. Verf of kleur dit helder in
- Plak bg vark op 'n stok

Vorbereiding en hulpmiddels vir die Kleingroepbediening (KGB)

- Sny sirkels, reghoekies en driehoekies (Sien Aktiwiteitblad) op pienk papier vir elkeen uit
- Kort stukkie pienk bloemistielint (met skêr daarvoor getrek om te krul) vir elkeen
- Gom vir elke groepie
- Varkworsies in stukkie gesny om vir elkeen 'n stukkie te gee



Ontvangs

Vorbereiding deur en van leiers

Die Grootgroepleier (GGL) en Kleingroepleiers (KGL's) moet ruim voor die Ontvangs van die kinders in die peuterlokaal wees om: 1) die lokaal finaal voor te berei (o a die uitstalling op die Tematafel en voorbereiding van die hulpmiddels), om self voorberei te wees en 'n gevoel van rustigheid en veiligheid vir die peuters later te skep en 2) voorbidding vir die Ontmoeting te doen.

Ontvangs van kinders

Sorg dat daar vir julle gemeente 'n funksionele sisteem in plek is waar die ouers/ voogde hulle kinders met gerustheid kan afgee en later weer kan afhaal. Kleingroepieiers (KGL's) ontvang die peuters. Peuters wat meermale kom, bly t w v geborgenheid in dieselfde kleingroep.

Ontspanne spel

Peuters kies waarmee hulle wil speel. Speelgoed-plaasdiertjies asook boeke oor plaasdiere kan uitgesit word.



Grootgroepbediening (GGB)

Verwelkoming en gebed

- Kry die peuters gemaklik op die mat om jou en maak hulle rustig. In die geborge atmosfeer kan daar nou met gebed geopen word.
- Verwelkom die kleuters en wens die kleuters geluk wat sedert die vorige Ontmoeting verjaar het.

Sang

- Leer die vierde vers van die temaliedjie, *Plaasdiere*, aan.

Boodskap

Poppespel

Vark: 'Oink ... oink! Môre, Maatjies. Boer het my vandag van die plaas af gebring om vir julle te kom kuier. Boer het gesê ek moet vir al die maatjies sê dat Jesus 'n vark gemaak het. Hy het ons gemaak, sodat ons vir julle lekker vleis kan gee, 'n lekker stukkie spek en 'n lekker stukkie ham. Ons lekker vleis maak julle sommer baie sterk. Oink ... oink! Op die plaas bly ons in die modder en dit lyk vuil en stink in ons hok, maar Maatjies, ons varke is eintlik skoon. Maatjies, dis vreeslik lekker vir my om so in die modder te rol. Oink ... oink! Maatjies, julle moet onthou om vir Jesus dankie te sê vir 'n vark. Jesus het vir my én vir julle gemaak. Dankie, Jesus! Maatjies, ek gaan nou kyk of hier modder naby is ...'



Kleingroepbediening (KGB)

Aktiwiteit

- Gee aan elke peuter sy uitgesnyde vormpies om 'n 'vark te bou'.
- Hulle plak die sirkels op mekaar, asook die driehoekies vir ore en reghoekies vir pote.
- Hulle plak laastens die stukkie gekrulde bloemistelint op vir 'n stert. Hulle neem hulle varkies huis toe om vir hulle ouers/ voogde te wys.
- Gesels deurentyd met hulle daarvoor dat Jesus varke gemaak het, so vir ons sorg en dat ons vir Hom daarvoor dankie moet sê.
- Elkeen kry 'n stukkie varkworsie.

Gebed

Dankie, Jesus, vir 'n vark. Amen.